| 5 Desember | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE







## SONDAG 7 DESEMBER SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
|---|---|---|
| **Hangklipkerk** | **Kuierkerk** | **Kleinmondkerk** |
| ***Kerssangdiens*** | Ds Heinrich Carstens | Ds Piet Botha |
| | Jesaja 11:1-10 | Jesaja 11:1-10 |

LIG | DEERNIS | HOOP



Kersfees
in die
Hangklip

Kerssangdiens

Sondag
7 Desember 2025
om 09:00

Hangklipkerk,
Bettysbaai

## Hangklipkerk

## Kuierkerk






'n stomp kry lewe

Jesaja 11:1-10

7 Desember 2025
09:30
Kleinmondkerk
Piet Botha

## Kleinmondkerk

YouTube

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is:

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

*Gebruik gerus die* ***SnapScan-opsie*** *om jou offergawe te gee.*

SnapScan

# Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag 8 Desember** | ***11:30*** | Predikante Preekwerkgroep (Kapel) |
| **Dinsdag 9 Desember** | ***16:30*** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| **Donderdag 11 Desember** | ***09:00*** | Caritasprojek |



## Ons dink met liefdevolle meegevoel aan..

Christine Dreyer (KP2) en familie met die afsterwe vanTom.

Sakkie Schoonraad (KB4) en familie met die afsterwe van Jeannette.

Ds Jan en Joanne Momsen (Bb4) met die afsterwe van hul seun Johan Willem.

Ds André en Deen Theron (KB4) met die afsterwe van hul skoonsuster.



Die Kerkraad het tydens'n buitengewone beroepingsvergadering (*onder toesig van die Ring van Caledon en volgens Kerkordelike voorskrifte)* op Woensdag 3 Desember 2025 vir

## Dr Stephan Naudé van Doornkloof Familiekerk

beroep as tweede voltydse leraar van ons gemeente. Volgens Kerkorde (*Reglement 12, Pt 8*) word die naam van die beroepene vir twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente voorgehou vir goedkeuring of approbasie. Indien daar enige grondige besware (*oor die leer en lewe van die beroepene of prosedurele onreelmatighede*) teen die beroep ingebring kan word, moet dit voor Maandag 15 Desember 2025 om 10:00 skriftelik by die voorsitter van die kerkraad of by die kerkkantoor ingedien word.
Indien jy enige vrae in hierdie verband het, kan jy gerus vir ds Heinrich Carstens skakel.

*Intussen bid ons vir Stephan en Chimoné vir die besluit wat hulle onder leiding van die Heilige Gees moet neem.*

# Advent...

## Die pad na Betlehem en verder

met die roetemerkers van Jesaja

Kom kuier saam met ons in Adventstyd vir ons erediensreeks

30 November
Advent 1
Jesaja 2:1-5
'n Hangende uitnodiging

7 Desember
Advent 2
Jesaja 11:1-10
'n Tasbare hoop

14 Desember
Advent 3
Jesaja 35:1-10
'n Woestyn vol bloeisels

21 Desember
Advent 4
Jesaja 7:10-16
Iewers tussen hemel en hel

25 Desember
Kersfees
Jesaja 9:2-7
'n Fees van Lig

28 Desember
Sondag na Kersfees
Jesaja 63:7-9
Wanneer God die aarde betree

## Getuienis




## WAAR KAN JY AL DIE NODIGE INLIGTING KRY?

Die volgende publikasies sal vanaf 8 Desember by jou Dienswerker beskikbaar wees:

Vakansieprogram




KALENDER




## Kerkkantoor

### KERKKANTOOR*ure*

*Tydens Desember 2025 & Januarie 2026*

| | |
|---|---|
| 22 - 31 Desember 2025 | |
| *Maandag - Vrydag* | 10:00 - 11:00 |
| 1 - 12 Januarie 2026 | GESLUIT |
| 14 Januarie 2026 | HEROPEN |




**6 & 7 Desember 2025 | 18:30 vir 19:00**

**Kleinmondkerk | Vierde Laan 67**

*Gratis kaartjies* kan by die kerkkantoor in
*Vierde Laan* afgehaal word.
*Vrywillige bydraes* sal waardeer word.

## Arbeidsbediening




# 2026 Eredienste

## Eredienstye Kleinmond



**In die lig van ons begroting met die oog op die beroep van 'n tweede voltydse leraar, het die Kerkraad besluit dat eredienstye in 2026 soos volg sal verander:**

**Kuierkerk om 08:00**
**Hangklipkerk om 09:00**
**Kleinmondkerk om 10:00**

In die Kleinmondstreek sal daar gedurende skoolvakansies en langnaweke slegs een erediens om 09:00 in die Kleinmondkerk wees

# My REIS MET die HANGKLIPKERK

*Dirk Reitzema*



Ek (Dirk Reitzema) was besonder bevoorreg om vyf jaar gelede as ouderling bevestig te word met die opdrag: Voorsitter van die Hangklip-Kerkraad! Min het ek besef dat 'n periode van groot verandering sou voorlê, wat my goed gepas het! Ek was nog altyd 'n voorstander van vernuwing en aanpassing, en dus ook van verandering. Dat ek juis geroep is om in dié omstandighede vir die Here te werk, bly steeds 'n wonderlike werklikheid.

Ek en my vrou, Marietjie, was toe reeds sowat 'n jaar in die gemeente en die werkinge in die gemeente was nog grootliks vir ons onbekend.

Die eerste twee jaar was Hangklip aangewese op verskeie predikante wat slegs verantwoordelik was vir die lei van eredienste. Ons Kerkraad het tot die oortuiging gekom dat daar 'n groter behoefte aan die pastorale versorging van ons Hngkliplidmate is, en dat dit goed sou wees as 'n dominee aangewys kon word om op 'n meer permanente basis hierdie rol in Hangklip te vertolk. Dit het alles gepaard gegaan met die geesdriftige goedkeuring van Ds. Jannie Hougaard, voormalige Sentrale Kerkraadsvoorsitter.

Teen dié agtergrond is Ds Leopold van Huyssteen drie jaar gelede op ‘n kontrakbasis met ‘n verminderde traktement aangestel. Om hom tegemoet te kom, is bevestiging gegee dat hy nie verantwoordelik sou wees vir ‘n aantal bykomstige take wat voltydse predikante wel uitvoer nie. Dit het egter nie so gewerk nie! Leopold het elke lidmaat leer ken deur saam met Riana huisbesoek te doen asook deur ander maniere van kontak. Vernuwing was vir hulle ook belangrik, waarvan onder meer die opgeknapte tuin, die inrig van ‘n spreekkamer en boekoase, die installering van rakke en die aanbring van plaveisel getuig.

Aanpassing in die gemeentesang deur lofprysing in die erediens te integreer, asook die instel van ‘n gebeds- en mannegroep het op hul inisiatief plaasgevind. Daarby het Ds Theuns Henn, wat ‘n noue verbintenis met Leopold het en reeds dikwels as steunpilaar vir hom opgetree het, grootliks al om die ander keer die eredienste gelei en het hulle saam die Bybelskool tot stand gebring.

Dinsdag 9 Desember is die laaste byeenkoms hierdie jaar van die gemeente se gebedsgroep. Ons dank God dat, selfs toe miskien "verkeerd" gebid is, die HG ons versoeke reggestel het voor Hom. Nie alleen het ons die heilige teenwoordigheid van God beleef nie, maar is ons ook dankbaar dat versugtinge gehoor en verhoor is. Vra vir Vader of jy nie volgende jaar DV ook by hierdie groepie moet aansluit nie.





**Ek Luister – Reinier Lombard aan die stuur van Hangklip-wykskerkraad**

Reinier Lombard se WhatsApp-status, "Ek Luister", verklap waarskynlik die meeste oor die nuwe voorsitter van die Hangklip-wykskerkraad. Hy is nie 'n man van baie woorde nie, maar iemand wat stil en deeglik luister – en dan met planne vorendag kom om 'n probleem die hoof te bied of die skip op sy koers te hou.
Saam met sy vrou, Hantie, vorm hulle 'n span wat duidelik koestering en diensbaarheid hoog op hul lys van waardes plaas. Renier het vir hom 'n merkwaardige loopbaan in die wêreld van finansies uitgekerf voor hy 'n boer geword het. Hantie het 'n verpleegkunde-agtergrond en ervaring in die korporatiewe wêreld.

**'n Familie gewortel in diens**

Diplomasie het die seun van Pretoria-Wes en die dogter van Nababeep saamgebring. Reinier vertel dat haar broer Johan destyds 'n kollega van hom by RMB was. Op 'n Vrydagaand het Johan 'n snoekbraai vir sy uitgebreide familie beplan, maar eers te lank by die werk se pub vertoef. Reinier moes toe saamgaan én 'n verskoning uitdink vir Johan se vrou.
Die verhaal het sy natuurlike loop geneem: op 9 November 1991 is hy en Hantie in die huwelik bevestig. Saam het hulle twee dogters grootgemaak. Ané, 'n apteker, voltooi aan die einde van Desember haar gemeenskapsdiensjaar by Brandvlei Gevangenis. Renée, 'n ingenieur, woon saam met haar man, Adriaan, in Emmen, Nederland.

Reinier het B.Com Regte aan Tukkies voltooi. Sy jeug was deurspek met kerk- en kultuuraktiwiteite: Voortrekkers, Landsdiens, CSV en KJA. Reeds op skool het hy op nasionale bestuursvlakke van die CSV en Landsdiens gedien.

Sy lewenspad het hom van Pretoria na Londen geneem, en later na Rivonia, Bryanston, Sannieshof – en uiteindelik na Pringlebaai, wat hy noem hul "grand finale". Oral waar hy en sy gesin woon, het hy sy plek in die kerkraad ingeneem: Quaggapoort, Arcadia, Londen, Bryanston en Sannieshof.

**'n Loopbaan van finansies tot boerdery**

Professioneel is Reinier 'n spesialis in valuta-afgeleide produkte. Hy het onder meer vir Volkskas en Rand Aksepbank gewerk, en later 'n tesouriebestuur-besigheid saam met Kagiso uitgekoop. In 2007 het hy 'n plaas gekoop en van 2012 tot 2023 voltyds geboer met graan, beeste, bye en pekanneute.
Hierdie kombinasie van finansiële kundigheid en landbou-ervaring gee hom 'n unieke perspektief: strategies, maar ook gewortel in die aarde en die ritme van die natuur.

**'n Hart vir die gemeente**

Nou, as voorsitter van die Hangklip-wykskerkraad, sien Reinier uit om diensbaar te wees en saam met ander in "Jesus se eerste span" te werk. Sy gunsteling Bybelvers is Fillipense 4:4 – "Verbly julle in die Here; ek herhaal: Verbly julle!"
Met Reinier en Hantie aan die stuur, kan die gemeente uitsien na 'n tyd van luister, koestering en planne wat die gemeenskap versterk.
Soli Deo Gloria, is die woorde waarmee Reinier sy bekendstelling afsluit.

## Dankoffers



*Kogelberg se Getuienis*

# KOM STAP SAAM – VIR SENDING
# WOENSDAG 17 DESEMBER

## *Nuwe stappers en vakansiegangers word spesiaal genooi!*



Daar is vier roetes uitgewerk – twee in Kleinmond en die ander in Bettysbaai en Pringlebaai. Die afstande wissel tussen 5 en 8 km.

Stappers en ander wat graag ons sendelinge wil ondersteun kan ‘n bydrae in die gemeente se bankrekening inbetaal (gemerk Sendingstap + jou naam), of by die beginpunt van ‘n roete.

Bankrekening: NGK Kleinmond, ABSA 322 0150 320.

Meld asb. aan by: Annetjie Strever (082 212 3146) of Esther Pretorius (082 786 3100). Name en telefoonnommers is nodig sodat die leiers daarvolgens kan beplan.

Daar is vier roetes uitgewerk – twee in Kleinmond en die ander in Bettysbaai en Pringlebaai. Die afstande wissel tussen 5 en 8 km.

Stappers en ander wat graag ons sendelinge wil ondersteun kan ‘n bydrae in die gemeente se bankrekening inbetaal (gemerk Sendingstap + jou naam), of by die beginpunt van ‘n roete.

Bankrekening: NGK Kleinmond, ABSA 322 0150 320.

Meld asb. aan by: Annetjie Strever (082 212 3146) of Esther Pretorius (082 786 3100). Name en telefoonnommers is nodig sodat die leiers daarvolgens kan beplan.

# Deuroffers


Sondag se Deuroffers is vir ons
Gasvryheidsbediening


Volgende Sondag se
deuroffers word ingesamel
vir STRANDDIENSTE

# Verjaarsdae!

## Saterdag 6 Desember

Marguerite Botha 072 638 8796 (KP1)
Annamie Carstens 082 552 1249 (Sc4)
Leon Matthys 082 669 4439 (PM4)
Tanya Nieuwoudt (Sa1)
Bernard Olivier 083 267 3429 (PB3)
Mariëtta Pienaar 083 399 0465 (KB3)
Janica van Niekerk (KB2)

## Sondag 7 Desember

Delia Coetzee 082 554 1775 (KB5)
Miekie Coetzee (Ba1b)
Erika du Bois 073 274 2894 (BB6)
Willem Mouton 076 689 0101 (PM1)
Lynn-Mari Smit (Ba1b)
Bruwer van Niekerk 083 412 3013 (BB2)

## Maandag 8 Desember

Annari Coetzee 082 684 3569 (Bb4)
Johann de Villiers 072 935 3548 (KB2)
Anmar Marais 082 563 9910 (Sc3)
Ina Rietmann 082 316 0382 (Ba1b)
Hester van der Merwe 082 325 9071 (Sa1



## Dinsdag 9 Desember

Inette Cloete 082 878 2252 (KP1)
Marianne de Wet 082 788 3235 (Ba1a)
Andries Truter 078 102 0662 (PM5)
Karin Viljoen 073 214 7290 (PM3)

## Woensdag 10 Desember

Koos Botha 083 454 4475 (PB2b)
Elna Crafford 082 667 3966 (PM4)
Jan Momsen 082 414 4254 (Bb4)

## Donderdag 11 Desember

Constantia Cilliers 082 825 9115 (Bb4)
Elza Marais 082 706 2284 (Sb4)
Petro Pienaar 083 294 3594 (KB5)
Marina Sass 082 900 8175 (BB4)
Pierre Schnetler 083 458 1258 (Sb3)
Margie Visser 064 703 5994 (Ba1a)

## Vrydag 12 Desember

Johann Hugo 072 235 4767 (KB2)
Mientjie Malan 082 412 3134 (Sa1)
Wilma Meyer 084 581 3818 (KB5)
Emma Roux (Ba2)
Jurie Steyn 082 927 8385 (BB6)
Belinda Strydom 082 856 6772 (Sa4)
Conrad Strydom 082 978 2158 (Sa3)







# Mooiuitsig-bediening

Ons het Kersfeesboompies saam met die kinders gemaak en vir die eerste keer dié jaar vir hulle 'n klein partytjie gehou. Ons glo aan saam DOEN en nie net bederfies aandra. Ons verhouding met die kinders het baie gegroei


Oggenddiens Advent 1 Hoop
NG Kerk Kogelberg Hangklip
'n Hangende uitnodiging om te hoop Jes 2:1-5
Ds Heinrich Carstens
Sondagoggend 30 November 2025 9h00
Met liefde gemaak deur Joanne




Ambassadeurs van Hoop











# Oggenddiens Advent 1 Hoop

## NG Kerk Kogelberg Hangklip

## Koffie-kuier-klets

Sondagoggend 30 November 2025 10h15



Met liefde gemaak deur Joanne


















Beroepingsvergadering
NG Kerk Kogelberg
Dinsdagoggend 3 Desember 2025 9h00
Met liefde gemaak deur Joanne


LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA
Baie welkom by ons
beroepingsvergadering




TYD
Baie welkom by ons
beroepingsvergadering


TYD


TYD


Boggle
liefde









# Beroepingsvergadering

NG Kerk Kogelberg

Dinsdagoggend 3 Desember 2025 8h30



Met liefde gemaak deur Joanne

















